Riglyne vir Beoordeling
-Kursus Materiaal-

Voorlegging opgestel deur M Hohls Jan 2016

hersien en goedgekeur in 01/2023

Beoordeling

- Inligting vir restoureerders en beoordelaars

- Jy moet **beoordeel** en ***nie*** **ver oordeel** nie – die gesindheid van ‘n goeie beoordelaar.
- Die HAT beskryf die word RE-STOU-REER immers soos volg: “**Herstel, opknap, verbeter, tot sy oorspronklike toestand terugbring**”.



TREKKER BEOORDELING

SAVTEK
TREKKERBEOORDELINGSVORM

Beoordelaar _____ FABRIKAAT & MODEL _____

Naam _____ JAAR VERVAARDIG _____

Handtekening _____ KLAS _____

VERTONER _____ Datum _____

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN VOLLEDIGHEID TEL PUNTE	KRUIPER Punt Totaal	KRUIPER Punt behaal	YSTERWIEL Punt Totaal	YSTERWIEL Punt behaal	RUBBER Punt Totaal	RUBBER Punt behaal	BEOORDELAAR(S) SE OPMERKINGS
1. MEGANIES:							
1.1 **lekke:** olie-, water-, brandstof en hidroliese olie	10		10		10		
1.2 verkoeler, verkoelerskerms (shutters), waaier, waaierband brandstofpype, waterpype en klampe, brandstof-en verkoelerpype	15		15		15		
1.3 **hefbome, pedale, remme en handrem:** slytasie en verstellings	20		15		15		
1.4 **vooras:** penne, buste, stuurente, smeerpunte, stuurkas en speling op wielpaers			15		20		
1.5 knaldemper, lugsuiweraar en ventilators (breathers): verf en klampe	10		10		10		
1.6 trekyster, hyser, katrol, kragaftakker, (PTO) en -skerm: slytasie en toestand	10		10		10		
1.7 **rubberwiel:** bande, velings, boute en moere					10		
1.8 **ysterwiel:** wiele, kappe, boute en moere			20				
1.9 **kruiptrekker:** kettings en rollers: slytasie	30						
2. BAKWERK, toestand van:							
2.1 enjinkap, brandstoftenk, knippe, vloerplate, modderskerms, gietstukke, boute en moere: oorspronklik, roes en sweisplekke	20		20		20		
2.2 **sitplek:** slytasie, toestand en bekleedsel	5		5		5		
2.3 **stuurwiel:** krake en slytasie			5		5		
3. ELEKTRIES:							
3.1 magneet, verdeler, dieselpomp, inspuiters en filters	5		5		5		
3.2 aansitter, opwekker, reguleerder, bedrading, skakelaars en ligte	15		10		15		
3.3 **meters:** heel, werkend en oorspronklik	15		15		15		
4. VERF:							
4.1 volledig geverf	5		5		5		
4.2 **kleur:** bakwerk, gietstukke en wiele	5		5		5		
4.3 glans, loopplekke en lemoenskil.	5		5		5		
5. IDENTIFIKASIE:							
5.1 Plakkers vir naam en reeks: oorspronklik en reg geplak	5		5		5		
5.2 Indentifikasieplaatjies	5		5		5		
6. MERIETE:							
6.1 vakmanskap en geheelindruk	10		10		10		
6.2 Funksioneel	10		10		10		
Groottotaal	200		200		200		

weergawe: 2023 aangepas

1. MEGANIES

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN VOLLEDIGHEID TEL PUNTE	KRUIPER		YSTERWIEL		RUBBER	
1. MEGANIES:	Totaal	Punt behaal	Totaal	Punt behaal	Totaal	Punt behaal
1.1 **lekke**: olie-, water-, brandstof en hidroliese olie	10		10		10	
1.2 verkoeler, verkoelerskerms (shutters), waaier, waaierband brandstofpype, waterpype en klampe; brandstof-en verkoelerproppe	15		15		15	
1.3 **hefbome, pedale, remme en handrem**: slytasie en verstellings	20		15		15	
1.4 **vooras**: penne, buste, stuurente, smeerpunte, stuurkas en speling op wiellaers			15		20	
1.5 knaldemper, lugsuiweraar en ventilators (breathers): verf en klampe	10		10		10	
1.6 trekyster, hyser, katrol, kragaftakker, (PTO) en -skerm: slytasie en toestand	10		10		10	
1.7 **rubberwiel**: bande, vellings, boute en moere					10	
1.8 **ysterwiel**: wiele, kappe, boute en moere			20			
1.9 **kruiptrekker**: kettings en rollers: slytasie	30					

1. MEGANIES

1.1 Olie, water, hidroliese en brandstof**lekke** – 10 punte.

- Hier word eerstens gekyk na **water ,brandstof- en olielekke**.
- Plekke waar die meeste lekke voorkom, is by die **seëls** rondom draaiende **aste**, soos die **waterpomp**, **voor op die krukas**, by die agterste **wiellaers** en die **kragaftakker** (pto).
- Ander plekke wat gewoonlik lek, is die **brandstofkrane** en **pypkoppelings(laste).**
- Maak seker dat daar nie lekke is nie, ook nie **onder die enjin en ratkas** nie. Of maak dit ten minste skoon voordat jy die masjien uitstal.
- Hier word ook na die **verkoeler** en **hidrouliese stelsel** gekyk vir lekplekke**.**
- Trekkers water n „stuffing box“ tipe waterpomp het is dit toelaatbaar dat daar water lekasies wys

❑ - 1 vir elke definitiewe lek

1. MEGANIES

1.2 Verkoeler, verkoelerskerms (shutters), waaier, waaierband, brandstofpype, waterpype en klampe, brandstof en verkoelerproppe -15 punte.

DEEL 1

- By die **verkoeler** word punte afgetrek vir **duike en soldeerplekke**, en as daar **vinne of pypies** weg is of toegebuig is.
- Die **brandstof- en verkoelerprop** moet ook die **regte tipe** en in goeie toestand wees. ‘n Blinknuwe verkoelerprop met Japannese skrif of‘ n “Silverton Radiators” plakker op kos punte.
- Outydse **verkoelerpype** van die **gevulkaniseerde, opgedraaide lap-tipe** lyk beter as **nuwer gladde rubber tipe pyp,** hoewel daar nie punte afgetrek word vir die nuwer pype nie. Verkoelerpype met verkieslik **nie geverf wees** nie.
- Punte word nie afgetrek vir water wat by die oorvloei (overflow) van die verkoeler uitloop nie, want dit is juis die doel daarvan.
- Die ou tipe **dubbel-draad-inskroef-tipe klampe** is verkieslik en seël ook beter. **Moderne klampe kos punte.**

1. MEGANIES

1.2 Verkoeler, verkoelerskerms (shutters), waaier, waaierband, brandstofpype, waterpype en klampe, brandstof en verkoelerproppe -15 punte.

DEEL2

- Meer punte word gegee vir **brandstofpype van koper** wat **netjies gebuig** is as vir **rubberbrandstofpype.**
- Verkeerde **brandstofkrane** kos punte.
- By die **waaierband** en bandskyf word gekyk of die **band reg verstel** is en of dit die **regte tipe** band is. Punte word afgetrek as ‘n A-seksie band op ‘n B-groefbandskyf (pulley) gesit word en ook vir ‘n ‘link-belt”, of ‘n verslete band.
- Die **waaier** moet in ‘n **goeie toestand** wees en nie **geroes** of **gebuig** nie.

- ❑ Let op na toestand en oorspronklikheid
- ❑ -2 as ‘n oorspronklike verkoelerskerm ontbreek;
- ❑ -2 as verskillende tipes klampe gebruik is;
- ❑ -1 as die oorspronklike tipe klamp nie gebruik is nie;
- ❑ -1 as oorpronklike proppe nie gebruik word nie.

1. MEGANIES

1.3 Hefbome, pedale, remme en handrem: Slytasie en verstelling –20/15/15 punte.

- Die **remme** moet in ‘n **werkende toestand** wees en **reg verstel** wees.
- Punte word afgetrek vir **slytasie en speling** op die **pedale, hefbome** en **koppel-arm** (links). ‘n Sekere mate van speling is nodig vir beweging, maar as oormatige speling voorkom, kan die gate uitgeboor word en busse ingesit word.
- As daar **twee pedale** is, moet hulle **dieselfde gestel** wees. Punte word afgetrek as een pedaal meer speling het as die ander pedaal en die remme dus nie **gelyk vat** nie.
- As jy die remme verstel, verf tog maar die merke weer toe, dit lyk netjieser en beteken meer punte.
- Die koppelaar pedal moet ook reg ingestel wees en ook nie oortolige speling en slytasie he nie
- Die vergasser hefbome asook die Gaspedaal word ook vir speling en slytasie beoordel
- Slytasie op „knurling” of patrone– hernu die gleufies wat afgeslyt is (slypmasjien of saag)

- ❑ Let op na slytasie en verstelling; korrekte werking van remme en handrem.
- ❑ -1 vir elke definitiewe slytasie punt
- ❑ -2 vir ernstige slytasie

1. MEGANIES

1.4 Vooras: Penne, buste, stuurente, smeerpunte, stuurkas en wiellaers: Speling –0/15/20 punte.

Stuurkasspeling is partykeer baie moeilik om reg te maak, veral by stuurkaste waar die ratte geslyt is en die wat nie buste of laers het nie. Soms kan die ratte gedraai word sodat 'n ongeslyte deel die werk doen en gate wat ovaal geslyt is, kan uitgemasjieneer word en buste of laers ingesit word. 'n Stuurkas in 'n goeie toestand behoort nie meer as **1/8ste draaispeling** op die stuurwiel te hê nie.

- Punte word afgetrek vir **gebuigde/ beskadige stuurarms** en **speling** op die **stuurente**. As die stuurente (ball-joints) vervang word, maak net seker dat almal **dieselfde** is en gebruik asseblief nie moderne „nyloc" moere nie. Vee die ekstra ghries af wat om die bal uitpeul en om die "ghriesnipple" (smeertepels!, Pieter Smit) sit.
- As daar **speling** op die **penne** en **buste** in die **stuurarms** is, word daarvoor ook punte afgetrek.
- Die **wiellaers** moet ook nie **speling** hê nie. Dit word getoets deur die wiel aan die bokant te vat en heen-en-weer (nie vorentoe en agtertoe nie) te wikkel. As daar speling is, kan die beoordelaar dit dadelik voel en soms ook hoor.

- ❑ Penne, buste, stuurente, stuurkas en wiellaers. Let op na die toestand en speling.
- ❑ Korrekte en oorspronklike smeerpunte (grease nipples)

1. MEGANIES

1.5 Knaldemper, lugsuiweraar en ventilators (breathers): verf en klampe – 10 punte.

- Hier is dit belangrik dat die trekker die regte **knaldemper** met die **regte kleur** moet op hê, en as daar **klampe** om die pype was, sal punte afgetrek word vir die **afwesigheid** daarvan. ‘n **Vlekvrye staal of gechroomde** knaldemper lyk baie mooi, maar baie min trekkers was so toegerus. Dus, wees bereid om punte op te offer vir nie-oorspronklikheid. As die trekker ‘n **klappie** op die uitlaat gehad het, sal jy punte verloor as dit nie daar is nie en ook andersom. Punte word ook afgetrek vir ‘n **geduikte** of **geroeste** knaldemper en ook vir **onafgewerkte sweisplekke** op die **uitlaatstelsel**.
- Die **ventilators (“breathers”** - gewoonlik bo-op die enjin of waar die olie ingegooi word) moet van die **regte tipe** wees en in ‘n goeie toestand wees.
- By die **lugsuiweraars** word gekyk of dit oorspronklik en volledig is. ’n Droëpapierelementsuiweraar op ‘n trekker wat met ‘n oliebad toegerus was, werk miskien beter, maar kos punte. Daar is gevalle waar verskillende jaarmodelle met verskillende tipes lugsuiweraars in Suid-Afrika verkoop is, wat verskil van die oorspronklike in Europa en ander lande. Dit is fabrieksaangepas spesifiek vir Suid-Afrika. In so‘n geval word geen punte afgetrek nie.
- Die Spreitstuk (Manifold) moet so oorspronklik as moontlik wees, as daar gesweis is moet dit netjies afgewerk wees

❑ Let op die toestand, verf en oorspronklikheid. Toestand en oorspronklikheid van klampe

1. MEGANIES

1.6 Trekyster, hyser, katrol, kragaftakker (P.T.O.), en skerm: Slytasie en toestand – 10 punte.

Deel 1

- Dit is belangrik dat **boute en moere** nie **geslyt** of **gebuig** moet wees nie. Nog belangriker is dat die boute van die **regte lengte** moet wees. Punte word verbeur vir die boute wat te lank is of as daar **metrieke boute** is met seskantige koppe waar dit vierkantig moet wees. As jy wel metrieke boute moet gebruik, vyl ten minste die merke op die koppe af sodat dit nie soos metrieke boute lyk nie. Boute met vierkantige koppe kan gemaak word deur die seskantige koppe af te saag, 'n stuk reghoekyster (rectangular bar) in sy plek vas te swys en dit af te werk. Kyk ook dat jou boute en moere by mekaar pas en dat hulle van **dieselfde grootte** is.
- Wat die **trekyster** self betref, moet daar nie **slytasie** wees nie. By beweeglike trekysters word 'n sekere mate van speling toegelaat, maar gate wat **ovaal geslyt** is, moet opgebou word of daar moet 'n bus ingesit word. Punte word ook afgetrek vir 'n trekyster wat **gebuig** is en wat vol **sweismerke** is.

1. MEGANIES

1.6 Trekyster, hyser, katrol, kragaftakker (P.T.O.), en skerm: Slytasie en toestand – 10 punte.

Deel 2

- Die **skerms op die kragaftakker** moet in posisie wees en in ‘n **goeie toestand** wees. Dieselfde punte wat hierbo genoem is, geld ook by trekkers wat met ‘n **driepunthyser** toegerus is.
- Algemene toestand en oorspronklikheid van die katrol asook speling en slytasie word beoordeel. Laers moet in goeie toestand wees

- ❑ Let op na slytasie en oorspronklikheid.
- ❑ -2 as skerm ontbreek
- ❑ Werking van hidroliese stelsel

1. MEGANIES

1.7 Rubberwiele: Bande, vellings, boute en moere – 10 punte.

- **Bande** moet **veilig en bruikbaar** wees, en van die **regte grootte**. Punte kan afgetrek word indien nie van **dieselfde fabrikaat**, en nog verkrygbaar.
- By die **vellings (rims)** word gekyk of daar **duike** en **roesmerke** is nie en of dit die **regte vellings** is.
- Die **boute en moere** moet die **regte tipe** wees en almal van **dieselfde grootte**. Hier ook moet daar nie boute met seskantige koppe wees waar dit vierkantig moet wees nie. Punte word ook afgetrek vir boutkoppe en moere wat deur die **verkeerde gereedskap verrinneweer** is. Maak dus seker die hoekies op die boutkoppe en moere is nog mooi skerp en dat daar geen kap- of spannermerke op hulle is nie. Boute wat geverf was, moet geverf wees en nie geplateer nie.
- envormigheid van die band eis belangrik

- ❑ Bande moet veilig en bruikbaar en van die regte grootte wees.
- ❑ -1 indien bande nie van dieselfde fabrikaat en nog redelik verkrygbaar.
- ❑ Let op roes en beskadiging van vellings.
- ❑ Let op oorspronklikheid en eenvormigheid van wielboute en moere.

1. MEGANIES

1.8 Ysterwiele: Wiele, kappe, boute en moere – 20 punte.

- By **ysterwieltrekkers** word gekyk of al die **kappe** daar is, of dit die **regte tipe** is en of hulle **geslyt** is. Die **boute en moere** op die kappe word ook beoordeel.
- Daar moet geen roesmerke wees nie
- Die wiele mag nie beskadig wees nie
- Oorspronklikheid van die wiele is ook belangrik asook eenvormigheid

- ❑ Let op roes en beskadinging van wiele.
- ❑ Let op eenvormigheid en oorspronklikheid van kappe, boute en moere.
- ❑ Indien kappe en boute baie weggeslyt is, kan gepenaliseer word.

1. MEGANIES

1.9 Kruiptrekker: Kettings en rollers: Slytasie – 30 punte.

- By kruiptrekkers is **slytasie** op die **loopvlak** aanvaarbaar, maar daar moet nie **speling op die penne en rollers** wees nie. Daar word ook gekyk na die **verstelling** van die **ketting** – dit moet nie te slap of te styf wees nie. Die **rollers en padwiele** moet in 'n **goeie toestand** wees.
- (Weld on's) opsweis stukke op Grouser plaate weens die slytasie was n standaard maier van instandhouding en geen punte word daarvoor afgetrek nie. Maar daar word gekyk na die vakmanskap van die weld ons

- ❑ Let op slytasie en spanning van kettings.
- ❑ Indien kappe baie weggeslyt is, kan gepenaliseer word.





2. BAKWERK

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN	KRUIPER		YSTERWIEL		RUBBER	
2. BAKWERK, toestand van:						
2.1 enjinkap, brandstoftenk, knippe, vloerplate, modderskerms,						
gietstukke, boute en moere: oorspronklik, roes en sweisplekke	**20**		**20**		**20**	
2.2 **sitplek**: slytasie, toestand en bekleedsel	**5**		**5**		**5**	
2.3 **stuurwiel**: krake en slytasie			**5**		**5**	

2. BAKWERK

2.1 Enjinkap, brandstoftenk, vloerplate, modderskerms, gietstukke, boute en moere: oorspronklik, roes en sweisplekke – 20 punte.

- Hier word gekyk na die toestand van die **enjinkap**, die **neus**, **modderskerms, ens. Knippe op die enjinkap** word ook hier beoordeel. Die **brandstoftenk** word ook hier beoordeel, asook die **gereedskapkissie**. By trekkers waar die **batterykas** baie groot en opsigtelik is, en met plate bedek is, word die plate ook as bakwerk geag. Oor die algemeen word enige **plaatmetaaldele** wat ander onderdele bedek vir estetiese doeleindes as bakwerk geag. By bogenoemde bakpanele word punte afgetrek **vir roesplekke, krake en duike**. Punte word ook verbeur vir **panele wat swak pas** en **boutgate wat ovaal geslyt** en ook as die **verkeerde (bv.metriek) boute** en moere gebruik is. Bakdele soos **modderskerms** en **vloerplate** wat **vol gate** geboor is, wat nie daar was by vervaardiging nie, veroorsaak ook dat punte afgetrek word. Soldeer die gate toe voordat jy die onderdeel verf. Natuurlik sal punte ook afgtrek word vir **vermiste bakpanele** of **panele wat nie standaard is nie**.

2. BAKWERK

2.1 Enjinkap, brandstoftenk, vloerplate, modderskerms, gietstukke, boute en moere: oorspronklik, roes en sweisplekke – 20 punte.

- **Gietstukke** word ook hier beoordeel. Gietstukke wat nie glad was nie, **mag nie glad gemaak word nie.**
- As daar oorspronklik meer as een battery boks was, moet die bokse almal daar wees, kompleet en in goeie toestand (maar onder die elektriese afdeling sal daar geen punte afgetrek word as daar net een battery is nie)

- ❑ Let op eenvormigheid en oorspronklikheid van alle boute en moere.
- ❑ Indien gietstukke gladgemaak is, penaliseer tot maksimum van 10.
- ❑ Let op na roes en sweisplekke.

2. BAKWERK

2.2 Sitplek: slytasie, toestand en bekleedsel – 5 punte

- Die **sitplek** tel nie baie punte nie en word gewoonlik maar afgeskeep by restourasie, maar kan tog die verskil maak tussen 1ste en 2de plek, veral as twee trekkers se puntetelling baie naby aan mekaar is. As ‘n sitplek **vol pokmerkies geroes** is, is daar nie veel wat jy daaraan kan doen nie, want ‘MS primer’of bakwerkvuller hou nie lank op‘n sitplek nie. ‘n Goeie khakibroek kan verbasend grof wees, veral die dele waar jy gewoonlik jou hande afvee, maar probeer darem van die pokmerkies ontslae raak. **Krake** en **sweismerke** of **stoffering wat lostrek**, gaan beslis punte kos. Die sitplek op ‘n Vaaljapie is taamlik eenvoudig, maar by meer ingewikkelde sitplekke met **hefbome, laers en vere** gaan daar na **slytasie** gekyk word en ook na die **toestand van die skokbreker** en **rubberbusse**. Maak seker dat alles glad werk **sonder te veel speling.** Maak ook **onnodige gate** in die sitplek toe.

❑ Let op die oorspronklikheid van oortreksel indien van toepassing.

2. BAKWERK

2.3 Stuurwiel: krake en slytasie – 0/5/5 punte

- Soos die sit plek, is die **stuurwiel** ook iets wat gewoonlik afgeskeep word. Stuurwiele kan wel met moeite herbou word en daar is nuwe stuurwiele op die mark beskikbaar, maar hulle is taamlik duur.Die **verkeerde stuurwiel, krake, roes, speke wat af is en oormatige slytasie** kos alles punte.

❑ Let op oorspronklikheid, krake en slytasie

3. ELEKTRIES

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN	KRUIPER		YSTERWIEL		RUBBER	
3. ELEKTRIES:						
3.1 magneet, verdeler, dieselpomp, inspuiters en filters	5		5		5	
3.2 aansitter, opwekker, reguleerder, bedrading, skakelaars en ligte	15		10		15	
3.3 **meters**: heel, werkend en oorspronklik	15		15		15	

3. ELEKTRIES

3.1 Magneet, verdeler, dieselpomp, inspuiters en filters – 5 punte.

- By die **magneet (magneto)** of **vonkverdeler (distributor)** word gekyk of dit die **regte tipe en fabrikaat** is. Bv. Case trekkers het hulle eie magnete vervaardig en ‘n Lucas magneet, hoewel meer verkrygbaar, is nie oorspronklik op ‘n ou Case trekker nie.
- Die **vonkpropdrade** word ook beoordeel en hoewel punte nie noodwendig verbeur sal word vir moderne koolstofdrade soos “bougi cords” met rubberisolasie nie, verdien **linne- en harsbedekte**, of **koperdrade met vasskroeftipe koppelings** meer punte.
- Die **verdelerdrade** moet ook **netjies en die regte lengte** wees.
- Die **dieselpomp** en **inspuiters** moet die **regte tipe, volledig** en in ’n **goeie toestand** wees en ook die **regte kleur geverf** wees.
- Die vonkproppe moet ook korrek wees. Daar sal geen punte afgetrek word indien moderne tipe vonkproppe gebruik word maar daar mag nie „adaptors“ gebruik word nie
- Die vergasser moet die regte tipe wees en in n algehele goeie toestand wees

VOORSTEL: as n vertoner sy aluminium parte (magneet/ vergasser/ float chamber op Listers en wolseleys ens met ‘n staal borsel skoonmaak en in siver verf, sal geen punte daarvoor verloor word nie

3. ELEKTRIES

3.2 Aansitter, opwekker, reguleerder, bedrading, skakelaars en ligte – 15/10/15 punte.

Deel 1

- Hierdie afdeling tel baie punte en soos altyd lê die klem op **oorspronklikheid**. Eerstens moet die **aansitter** **oorspronklik** wees, die regte **kleur geverf en netjies bedraad** wees.Die **plaatjie wat die borsels bedek**, moet ook in plek wees.
- Die **reguleerder** moet ook die **regte tipe** en **fabrikaat** wees, die **regte kleur geverf**, en **netjies bedraad** wees. Wat die fabrikaat betref, onthou, ‘n Amerikaanse trekker het nie ‘n Engelse Lucas opwekker gehad nie. Die reguleerder moet op die **regte plek sit** en van die **regte tipe** wees. Voorbeeld - as ‘n diesetrekker ‘n drie-borselopwekker (generator) het, moet dit ‘n tweeklos (twocoil) reguleerder hê. Drie-klos (threecoil) reguleerders werk saam met twee-borselopwekkers.
- Dit is natuurlik ook belangrik dat die **opwekker** **moet werk** en dat dit **reg bedraad** moet wees. Aandag moet ook gegee word aan die **monterings en verstelling** van die reguleerder en opwekker.
- Weens die risiko dat daar n reperasie tydens die trekker se diens leeftyd gemaak is en dus n “aftermarket/ P&A” part gebruik is, verkies ons dat die aansitter of opwekker die oorspronklikke kleur moet wees

- SAVTEK verkies egter dat bedrading, vonkpropdrade en verdelerkop nie geverf word nie.

VOORSTEL: Om onduidelikheid te verminder word in SAVTEK verkies dat die aansitter dieselfde kleur as die trekker te wees

3. ELEKTRIES

3.2 Aansitter, opwekker, reguleerder, bedrading, skakelaars en ligte – 15/10/15 punte.

Deel 2

- Die **bedrading** **moet netjies wees** en as daar **klampe of "grommets"** is wat die drade in posisie hou, moet hulle ook in goeie toetstand wees.
- Op ou voertuie was die **drade** baiemaal met **linne-isolasie bedek** en aanmekaar gebind met linne-isolasieband. Hoewel hierdie items ingevoer kan word, sal punte nie afgetrek word vir drade met plastiekisolasie of wat bymekaargehou word deur 'n swart plastiekhuls (sleeve) nie. Die oorspronklike tipe draad verdien merietepunte. Punte sal wel afgetrek word as die drade deur 'n geriffelde, gesplete plastiekhuls **(corrugated sleeving)** bymekaar gehou word. Punte word ook verbeur vir die gebruik van nuwerwetse krimpkonneksies, die soort met die rooi, blou of geel isolasie. **Koper-konneksies** is wel beskikbaar, of anders verwyder ten minste die rooi, blou of geel isolasie. Die plek waar die bedrading gewoonlik baie onnet is, is agter die paneelbord en by die meters. Gee asb aandag daaraan.

- SAVTEK verkies egter dat bedrading, vonkpropdrade en verdelerkop nie geverf word nie.

3. ELEKTRIES

3.2 Aansitter, opwekker, reguleerder, bedrading, skakelaars en ligte – 15/10/15 punte.
Deel 3

- Die **batterydrade** is ook hier ter sprake en hulle moet die **regte kleur** wees en sonder aanpaksels. Punte word nie afgetrek vir moderne batterye nie, maar ‘n 6-voltstelsel met ‘n 6-voltbattery, as dit oorspronklik so was, skep ‘n goeie indruk en verdien meer punte in die meriete-afdeling.

  Skakelaars moet in ‘n **goeie toestand wees en werk. Gekraakte knoppies** of knoppies **wat weg is**, kos punte. Die **moertjies** wat die skakelaars in posisie hou, moet ook nie **vol krapmerke** wees nie. Natuurlik moet die skakelaars ook die **regte tipe** wees. Moderne “toggle-” tipe skakelaars in die plek van ‘n druk-en-trek-tipe skakelaar kos punte.

  Die **ligte** moet die **regte tipe** wees, op die **regte plek** wees, en die **regte kleur** wees, hulle moet natuurlik ook **werk**. Punte sal afgetrek word vir **geroeste weerkaatsers** en die **verkeerde of gekraakte lense**. Sit tog ook maar ‘n nuwe rubberseëltjie in daar waar die drade deur die bakpanele gaan, en waar hulle in die lig ingaan, hierdie seëltjies is goedkoop genoeg en maklik verkrygbaar.
- As daar oorspronklik meer as een battery boks was, moet die bokse almal daar wees, kompleet en in goeie (in bakwerk afdeing maar geen punte afgetrek word as daar net een battery is nie
- Dit word verkies dat die oorsproklike “reflectors” gebruik word (skroef tipe)

- SAVTEK verkies egter dat bedrading, vonkpropdrade en verdelerkop nie geverf word nie.

VOORSTEL: posetief aard vs negatief aard– ‘n vertoner sal nie punte verloor nie as hy sy posetief aard na negatief aard omgeskakel het nie.

3. ELEKTRIES

3.3 Meters: heel, werkend en oorspronklik – 15 punte.

- Hierdie is ook ‘n afdeling wat baie punte werd is, maar gewoonlik baie moeite veroorsaak. Punte sal nie afgetrek word vir nuwe, reproduksie-meters nie, solank hulle presiese namaaksels is. Punte sal wel verbeur word vir **meters** met **geroeste of vuil gesigte, en wat nie werk nie.**

4. VERF

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN	KRUIPER		YSTERWIEL		RUBBER	
4. VERF:						
4.1 volledig geverf	**5**		**5**		**5**	
4.2 **kleur**: bakwerk, gietstukke en wiele	**5**		**5**		**5**	
4.3 glans, loopplekke en lemoenskil.	**5**		**5**		**5**	

4. VERF

4.1 Volledig geverf – 5 punte.

- Eerstens is dit belangrik om weer te beklemtoon dat die verfwerk nie by bakwerk beoordeel word nie, maar afsonderlik onder hierdie afdeling. Die trekker moet **orals geverf wees**, ook onder die enjinkap, brandstoftenk, ratkas, batterykas, ensovoorts.
- Ghries tepels (Grease nipples) en verkoeler pype moet nie geverf word nie

4.2 Kleur, bakwerk, gietstukke en wiele – 5 punte

- Die eerste belangrike aspek hier is dat die verf die **"regte" kleur** moet wees. Restoureerders gebruik baiekeer verbleikte of verkleurde onderdele as voorbeeld as hulle kleure laat meng en kry dan die verkeerde kleur. As jy die regte kleur soek, kyk na plekke waar twee onderdele aanmekaar vasgebout was en waar daar nie son, olie of brandstof kon bykom om die verf te verbleik of te verkleur nie.

4.3 Glans, loopplekke en lemoenskil – 5 punte.

- Die kwaliteit van die verfwerk moet goed wees. Dit moet 'n **goeie glans hê** en nie **lemoenskil, loopplekke (druppels) of "fish eyes"** hê nie. **Dowwe, growwe verf en krappe of kapmerkies (chips)** sal punte kos, asook verkleurde verf en **roesplekke of blasies** onder die verf. Punte sal nie afgetrek word vir verf wat afgebrand het op die uitlaatstelsel nie, maar wel waar dit **afgeskilfer het op boutkoppe en klampe.**

❑ By 'n ongerestoureerde klas moet gekyk word na die toestand en hoeveelheid oorspronklike verf wat nog oor is en daarvoor moet 'n punt uit 15 toegeken word.

5. PLAKKERS EN ID PLATE

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN	KRUIPER		YSTERWIEL		RUBBER	
5. IDENTIFIKASIE:						
5.1 Plakkers vir naam en reeks: oorspronklik en reg geplak	**5**		**5**		**5**	
5.2 Indentifikasieplaatjies	**5**		**5**		**5**	

5. PLAKKERS EN ID PLATE

5.1 Plakkers vir naam en reeks: oorspronklik en reg geplak – 5 punte.

- Die **plakkers en kentekens** moet die **regte tipe** wees en op die **regte plek** wees. Bv.Op die ouer Minneopolis-Moline trekkers het die plakkers "Power Implement Company" gelees en op die later modelle "Modern Machinery". As die twee omgeruil word, sal punte afgetrek word. Plakkers wat uit individueel uitgesnyde letters bestaan, verdien ook meer punte as die meer algemene "mylar-" plakkers waar die letters of kentekens op 'n deurskynende plastiek geverf is, afhangend natuurlik watter tipe meer oorspronklik is. As daar **plakkers** was op die **kragaftakkerskerm, lugsuiweraar, ratkas, ensovoorts, moet dit natuurlik ook aangebring en op die regte plek wees.**

- **5.2 Indentifikasieplaatjies – 5 punte.**
- Hierdie is meestal van metal gemaak en word gebruik om die trekker as geheel en ook om sekere komponente te identifiseer. **Kentekens** voor op die neus, paneelbord of waar ook al, sowel as **identifikasieplaatjies** word ook hier beoordeel. **Geduikte, geroeste of toegeverfde plaatjies** en kentekens sal punte kos. Maak tog ook seker dat die kleure op metaalkentekens reg is.
- Identifikasie plaatjies op magneet/ opwekker en aansitter moet leesbaar wees, die regte tipe en in n goeie toestand wees

6. MERIETE

ONTHOU: OORSPRONKLIKHEID, NETHEID EN	KRUIPER		YSTERWIEL		RUBBER	
6. MERIETE:						
6.1 vakmanskap en geheelindruk	10		10		10	
6.2 Funksioneel	10		10		10	

6. MERIETE

6.1 Vakmanskap en geheelindruk – 10 punte.

- Hierdie is nie altyd ‘ n streng objektiewe punt om te beoordeel nie, maar gaan oor die **algemene indruk** wat die trekker skep by die beoordelaars. Nadat die beoordeelaars al die aspekte hierbo beoordeel het, het hulle gewoonlik ‘n goeie idée hoeveel **moeite, tyd en toewyding** die restoureerder aan sy werk spandeer het. Neem kennis: hoe meer sweet, hoe meer PUNTE.

6.2 Funksioneel – 10 punte.

- Hier word gekyk of alles werk soos dit moet (onthou meters is in 3.3 beoordeel en word nie weer hier beoordeel nie)
  - Loop die enjin soos hy moet?
  - Indien die trekker ligte, Hidroulika, kragaftapper het, werk dit soos dit moet?
  - Ratkas- werk al die ratte? Bly hy in rat?
  - Koppelaar- werk hy soos hy moet?
  - Remme- werk hulle? Is hulle to los/ styf gestel?